STELLENBOSCH UNIVERSITY
LIBRARY & INFORMATION SERVICE NEWSLETTER

# BIBNUUS

AUGUST 2008

## IN THIS ISSUE:

Page 2 Focus on resources: Web of Science
Page 2 Raubenheimer Skening
Page 3 More Libqual Results available
Page 3 Rekenaars vir gesig-gestremdes
Page 4 Nuwe aanwins vir DOMUS

## UIT DIE KANTOOR VAN SENIOR DIREKTEUR

Dit is moeilik om te glo dat ons nou maar eers in die derde kwartaal is, aangesien daar al so baie aktiwiteite by die Universiteit en die Biblioteek- en Inligtingsdiens hierdie jaar plaasgevind het. Al dié aktiwiteite hou ons almal goed besig en motiveer die personeel om ten spyte van alles steeds hulle beste te lewer en 'n uitstekende diens aan al ons kliënte te verskaf.

Terugvoer van en aan ons kliënte is 'n belangrike maatstaf vir die Biblioteek- en Inligtingsdiens om te bepaal hoe suksesvol ons is en tot watter mate ons aan u verwagtinge voldoen. Om hierdie rede doen ons graag verslag oor die LibQUAL-opname wat in April 2008 gedoen is. Die voorlopige resultate word op bladsy 3 van hierdie uitgawe van *Bibnuus* bekend gemaak.

Die Biblioteek- en Inligtingsdiens is trots om vanjaar die 10de Jaarlikse Biblioteek Simposium aan te bied wat op 6-7 November 2008 plaasvind. Soos in vorige jare hoop ons om weer 'n groot aantal nasionale en internasionale beroepslui en navorsers uit biblioteek- en inligtingsverwante beroepe te verwelkom om te beraadslag oor nuwe tendense en ontwikkelinge in ons veld. Meer inligting verder.

Lees ook gerus van die nuwe aanwins in DOMUS, naamlik die EOAN-versameling, en 'n bydrae oor die Raubenheimer-versameling wat onlangs aan die Biblioteek geskenk is.

Geniet die lees en stuur asseblief kommentaar en voorstelle vir nuus wat u graag vanaf ons kant wil hoor.

## THE TENTH ANNUAL LIBRARY SYMPOSIUM

From 6 to 7 November 2008 the Stellenbosch University Library and Information Service will be hosting its Tenth Annual Symposium at the JS Gericke Library in Stellenbosch. The theme for this year's symposium is: *Shall the twain ever meet?: supplying the demand in an academic library and information service environment*.

> **"The Symposium takes a business perspective on challenges in the Library and Information sector"**

Academic librarians do not ordinarily associate themselves with the business principle of supply and demand. A dramatically changing information and user environment is however thrusting us toward using different paradigms to interpret the dynamics at play in the library and information sector. The symposium therefore aims to outline the business principle of supply and demand, drawing distinction between the commercial and service sector application of the principle, and relating it to the library environment.

Delegates will listen to academics, business experts and librarians examining the challenges currently being experienced with regard to user needs, increased information production, publication, research, subscription costs, technological development and others. In return, librarians will elaborate on the changing methods, services, applications and practices in libraries that have already been applied (and still need to be developed and/or implemented) in reaction to the changing demands.

Speakers at the symposium will be academics, researchers, experts from the business sector as well as the library and information community which include, amongst others:

Mr Chip Nilges (Vice President for business development at OCLC, USA)

Mr Steyn Heckroodt (Lecturer in General Management, Competitive Management for Entrepreneurs at the Stellenbosch University Business School)

Dr Stephen Mutula (Associate Professor in the Department of Library and Information Studies, University of Botswana

Mr Sej Motau (Divisional Manager for Corporate Affairs at DaimlerChrysler)

Dr Johannes Britz (Dean and Professor, School of Information Studies, University of Wisconsin-Milwaukee, USA)

University staff and students are most welcome to attend the Symposium and will find the necessary information on the Symposium website at: http://www.lib.sun.ac.za/Sym2008/



## NUWE PERSONEEL

*Mev Fransien Kamper is onlangs aangestel as Eerste Administratiewe Beampte in die Finansiële Afdeling van die Biblioteek- en Ingligtingsdiens.*

*Mev Kamper is reeds sedert 2000 verbonde aan die US. In haar nuwe hoedanigheid by die Bilioteek- en Inligtingsdiens sal sy verantwoordelik wees vir die bestuur en administrasie van die Finansiële Afdeling.*

## FOCUS ON ELECTRONIC RESOURCES: WEB OF SCIENCE

The Library and Information Service has been offering clients access to the Web of Science database for a number of years. Recently, we have acquired access to back files as far as 1970.

Web of Science has always been regarded as an excellent research tool, providing access to the world's leading scholarly literature in the sciences, social sciences, arts and humanities. In this article, we want to highlight a few features of Web of Science which makes it one of the most valuable resources for researchers at Stellenbosch University.

> **"Web of Science is recognized by librarians, researchers and other professionals as an authoritative index"**

One of the most important features of Web of Science is it's reporting function. The *Citation Report* provides an instant and accurate summary of the citation statistics of any particular search. This is very useful for research evaluation or the investigation of the influence of any topic, author or institute.

Citation reports are very important in some subject areas. Researchers, especially in the sciences, regularly refer to their H-factor or citation count. The NRF (National Research Foundation) considers Web of Science a very good database to use for citation counts. Although the NRF does not require a citation report in their applications for evaluation and rating, Stellenbosch University Division of Research Development does recommend that applicants supply this information additionally as it gives an idea of the impact of their articles. By using the reporting function in Web of Science, researchers can look up their own work and view their citation counts.

Web of Science also features *Journal Citation Reports*®, a comprehensive and unique resource that allows one to evaluate and compare journals. By tabulating and aggregating citation and article counts *Journal Citation Reports*® can show the user the most frequently cited journals in a specific field, the highest impact journals in a field, as well as the largest journals in a field.

Another feature which makes Web of Science stand out is their coverage. The database covers more or less 9700 peer-reviewed journal titles that have been carefully evaluated. More importantly, all these journals are indexed "cover to cover". This means that full papers, reviews, editorial material and book reviews are included.

Web of Science offers many other features and is recognized by librarians, researchers and other professionals as an authoritative reference index. Web of Science is available on the Library and Information Service homepage under "Databases" (http://library.sun.ac.za/eng/finding/databases.htm).

## RAUBENHEIMER SKENKING

Die Dokumentesentrum van die Biblioteek- en Inligtingsdiens het in 2007 die dokumentversameling van Prof I van W Raubenheimer ontvang. Prof Naas Raubenheimer was in die laat sewentigerjare voorsitter van die Departement Bedryfsielkunde aan die Universteit van Stellenbosch, wat algemeen beskou word as die eerste volwaardige Bedryfsielkunde departement aan 'n universiteit in Suid-Afrika.

Prof Raubenheimer het in sy loopbaan 'n leidende rol gespeel in die ontwikkeling van die vakgebied in Suid-Afrika en sy versameling bevat dan ook waardevolle inligting hieromtrent. Die versameling bevat o.a. baie belangrike inligting oor die grondleggers en rigtinggewers van die Sielkunde en die Bedryfsielkunde in Suid-Afrika, ook in die vorm van onderhoude en gesprekke wat met van hierdie persone gevoer is. Benewens hierdie dokumente is daar ook inligting omtrent die vroeëre sielkunde-verenigings van Suid-Afrika, toetse, meetmiddels en vraelyste wat deur bedryfsielkundiges ontwikkel is en vele ander dokumente wat die denkrigtings met betrekking tot die ontwikkeling van Bedryfsielkunde in Suid-Afrika weerspieël.

Die versameling is tydens 'n geleentheid op 14 Augustus 2008 amptelik aan die Biblioteek- en Inligtingsdiens oorhandig. Prof Raubenheimer self was die hoofspreker by dié geleentheid en het in sy referaat verwys na verskeie temas vir nagraadse vakwetenskaplike navorsing wat uit die versameling kan voortspruit. Die versameling, wat reeds in breë kategorieë ingedeel is, word in die Dokumentesentrum bewaar waar dit aan navorsers beskikbaar gestel sal word.





Vlnr: Dr WS de Villiers (Dept. Bedryfsielkunde), me M Seyffert (Spesiale Versamelings, JS Gericke Biblioteek), prof I van W Raubenheimer, me E Nolte (Direkteur: Kliëntedienste, Biblioteek– en Inlitgingsdiens), prof DJ Malan (Voorsitter: Dept. Bedryfsielkunde

## MORE LIBQUAL RESULTS AVAILABLE

In the May edition of *Bibnuus* we provided feedback on the number of respondents and successful completion of the LibQUAL survey we undertook in April 2008. In the meantime, more results have become available and it is evident that clients are definitely more satisfied with our services now than three years ago when the previous survey was done (2005).


LibQUAL looks at three main categories namely "Affect of service", "Library as Place" and "Information control" and asks clients what their minimum, desired and perceived levels of service quality are.




In 2005 we scored highest in the category of "Library as place". This area has unfortunately seen the smallest growth in the 2008 survey and scored the lowest point this time around. It is however encouraging to see that the lowest score in 2005 ("Information control") scored the highest points in 2008, therefore the biggest growth also lies in this important area. The category of "Information control" includes access to electronic resources from your home or office, the quality of the library website, the quality of printed and/or electronic information resources and easy accessibility to information. One aspect which was indicated as a problem area by academic staff and other staff members was "*Print and/or electronic journal collections I require for my work*". This was the only aspect where the "perceived" mean was lower than the "minimum" mean.

When looking at the levels of service quality measured in the survey, one can see that not only are the perceived scores higher than in the previous survey, but the minimum and desired scores as well. This is an indication that our clients' expectations are higher than before. The gap between "desired" and "perceived" is also fairly big. Although we scored relatively high scores, the above factors should be considered and should help us continually improve every aspect of our service delivery.

Please visit our LibQUAL website (http://www.lib.sun.ac.za/Library/Libqual_2008/default.htm) to see more results as it becomes available. Benchmarking results with other libraries nationally and internationally will be added later, as well as more information about clients' comments received in the survey.




## REKENAARFASILITEITE VIR GESIGGESTREMDE STUDENTE IN DIE BIBLIOTEEK

Die gebruik van 'n rekenaar is só deel van 'n mens se daaglikse handel en wandel dat jy jouself nie daarsonder kan indink nie. Vir 'n gesiggestremde student neem hierdie daaglikse aktiwiteite egter 'n ander kompleksiteit aan. Die Universiteit van Stellenbosch het 163 geregistreerde studente met gestremdhede, waarvan 33 gesiggestremd is. Die Kantoor vir Studente met Spesiale Leerbehoeftes is oorhoofs verantwoordelik vir die lewering van ondersteuningsdienste aan gestremde studente op kampus.

Die Biblioteek- en Inligtingsdiens het betrokke geraak by die verskaffing van rekenaarfasiliteite aan gesiggestremde studente, juis omdat rekenaargebruik 'n daaglikse frustrasie vir hulle is.

Die JS Gericke Biblioteek en die Musiekbiblioteek het elk een rekenaar wat toegerus is met spesiale sagteware om gesiggestremde studente te help.

Vir blinde studente is die rekenaars met JAWS® toegerus. JAWS® (Job Access With Speech) is skermlees sagteware ('n sg. *screen reader*) wat enige inligting op die rekenaarskerm omskakel en hardop vir die gebruiker lees. Die produk is destyds deur Freedom Scientific in die VSA ontwikkel, spesifiek vir gebruik deur gesiggestremde persone.

Vir gedeeltelik gesiggestremde studente is die rekenaars met ZoomText toegerus. ZoomText vergroot en verskerp dít wat op die rekenaarskerm vertoon. ZoomText is ook in die VSA ontwikkel deur Ai², 'n maatskappy wat spesialiseer in hulpmiddels vir gesiggestremdes.

Die lisensiefooie van die onderskeie sagteware is baie duur en die rekenaarfasiliteite word gesamentlik bekostig deur HUMARGA en 'n jaarlikse skenking van die Lombardi-Trust. HUMARGA hanteer ook die aankoop, installering en instandhouding van enige nuwe produkte en toerusting en fasiliteer onderhandelinge vir sagteware-lisensies.

Die Biblioteek- en Inligtingsdiens beskou homself as sentraal tot alle akademiese aktiwiteite op kampus en daarom is dit vir ons belangrik om in samewerking met ander US omgewings die beste rekenaarfasiliteite aan al ons kliënte te verskaf.

*Dr Stephanus Muller writes about the acquisition of the collection of the EOAN voluntary theatre community group in Athlone, the latest addition to the holdings of DOMUS (Documentation centre for Music)*

Toe ek, die DOMUS argivaris Santie de Jongh en Barry, Sharon en Hilde (drie musiekstudente sonder van) die Saterdagoggend van 23 Februarie na Athlone ry, het ons verwag om 'n paar houers verstrooide dokumente te gaan oplaai. 'n Verspiedingsgeselskap (Santie en ek) het immers reeds die Joseph Stone Teater 'n geruime tyd vantevore besoek, en alhoewel die materiaal wat ons gevind het waardevol was, was dit erg verwaarloos, deurmekaar en duidelik net enkele dokumentêre spore van die eens beroemde EOAN groep.

Dit was Santie wat ons in die eerste plek op die spoor van hierdie materiaal gebring het. 'n Navraag van 'n besoeker uit Australië het Santie se soektog laat posvat, en dit was nie lank voor ons die eerste besoek aan die Joseph Stone Teater gebring het nie. Meer as 'n jaar van onderhandeling en gesprekvoering het verloop voor ons die dokumente in Athlone kon gaan oplaai. 'n Permanente bruikleen-ooreenkoms het beteken dat die materiaal op Stellenbosch in DOMUS georden en gekatalogiseer sou word, en dat die storie wat uit hierdie argief sou begin lewe die narratiewe raam sou word van 'n boekprojek, gesetel in die gemeenskap van Athlone, waarin herinneringe oor EOAN opgeteken sou word in 'n soort etnografie van die geheue.

Toe ons daardie Saterdagoggend die Teater betree, wag daar 'n skok. Die saal is in gebruik vir 'n produksie, en die kamer waarin ons vantevore die materiaal gevind het, is leeg. Terwyl ons wag vir die sleutels om 'n ander vertrek te gaan bekyk waarheen alles geskuif is, vra ek een van die werkers of dit moontlik sou wees om onder die verhoog in te gaan. 'n Paar minute later word 'n elektriese lig vir ons aangelê ('n kaal gloeilamp aan 'n kabel waarvan die oop koperdrade so zzzt-zzzt maak) en kruip ek tussen die stutte van die verhoog in met Barry kort op my hakke.



*Skattejag onder die verhoog*

Gemaklik is dit nie. Ek het pas herstel van 'n knie-operasie en die ruimte onder die verhoog is so dat ek nie op my knieë kan staan en my bolyf reguit maak nie. En ek is versigtig vir spinnekoppe. En vir goeters wat in die donker onder teaterverhoë nes maak.

'n Hele spul ou meubels en houers met gemors en musiekpartye moet so buk-buk en skuif-skuif weggetrek word voordat ons tot diep onder die verhoogruimte vorder. En hier vind ons groot rottangmandjies, reuse trommels, massiewe kartonne. So groot is hierdie mandjies en trommels en so klein die ruimte, dat ons nie die deksels teen meer as so dertig grade kan oopmaak nie. En ons kan nie inkyk teen daardie hoek nie. So ek byt op my tande, en probeer vergeet van die goeters wat nes maak onder teaterverhoë, en steek my hand blindelings in die eerste trommel in.



*'n Ketting van hande hanteer die dokumente stuk vir stuk*

My hand vind 'n dik boek. En toe nog een, en nog een, en nog een. Die lank-vergete notules van die EOAN groep. Briewe. Programme. Toerplanne. Foto's. Ons werk die hele dag: Santie, ek en die studente. Ons laai vragte vol dokumente uit die kratte en houers. Omdat dit so moeilik is om onder die verhoog te beweeg maak ons 'n ketting van hande en gee ons die dokumente van persoon tot persoon aan na buite. Wanneer ons die middag by Joseph Stone vertrek en die materiaal by die Departement Musiek arriveer, sit ons gedaan onder 'n boom en eet broodjies en drink koffie. EOAN het op Stellenbosch aangekom.

♫ ♫ ♫ ♫

Dit is vir DOMUS 'n groot voorreg en eer om hierdie spesifieke versameling te kan orden, katalogiseer en bewaar. Die vertroue wat die Raad van EOAN in DOMUS en die Universiteit van Stellenbosch stel deur dit toe te laat, beteken dat ons met groot verantwoordelikheid met die dokumente, maar ook met die kulturele kapitaal wat daardeur verteenwoordig word, moet handel. Ons hoop dat die boekprojek wat aan hierdie ooreenkoms gekoppel is, iets van hierdie erkentelikheid sal registreer.

DOMUS is nou in sy vierde bestaansjaar, en die besigste ses maande van ons werksaamhede was die afgelope ses maande. Benewens die opwinding van die EOAN dokumente en projek, het ons met die hulp van Beulah Gericke van die Musiekbiblioteek (waar DOMUS geleë is), ook die belangrike Obelisk-versameling bekom. Die dokumente en partiture in hierdie versameling bied 'n perspektief op die Nuwe Musiek toneel in Pretoria vanaf die laat-tagtigerjare tot die laat-negentigerjare. Ons was voorts bevoorreg om die outograafpartiture (meer as 95 daarvan) van die veteraan komponis Stefans Grové by ons versamelings te kon voeg. Drie ander groot versamelings is ook in hierdie tyd aan DOMUS geskenk, alhoewel die formaliteite daaroor nog nie afgehandel is nie en die skenkers en versamelings vir eers dus anoniem moet bly.

DOMUS het ook in hierdie tyd ons eie webtuiste geloods. Besoek gerus ons nuwe webtuiste by www.domus.ac.za vir meer oor DOMUS se aktiwiteite, versamelings en nuusgebeure.

**BIBNUUS**

Editor: Mimi Seyffert

Contact: mseyf@sun.ac.za